

WAT IS BOEDELBEPLANNING

Daar bestaan verskeie omskrywings vir die proses wat kortweg bekend staan as “Boedelbeplanning”. Volgens Meyerowitz (Outoriteit op hierdie vakgebied) is boedelbeplanning die reëling, bestuur, beveiliging en rangskikking van 'n persoon se boedelbates op so 'n wyse dat hy vir homself, sy gesin en ander begunstigdes, gedurende sy leeftyd, en vir sy gesin en ander begunstigdes, na sy dood, die optimum en voortgesette benutting daarvan verseker.

Uit hierdie omskrywing blyk drie duidelike prosesse. Dit is die opbou (bymekaar maak) van 'n persoon se boedel, die benutting (beheer) daarvan en dan uiteindelik die verdeling daarvan. Die drie prosesse kan van mekaar onderskei word, maar is in der waarheid onskiedbaar in mekaar vervleg. Aangesien die wetenskap van boedelbeplanning in finale instansie praktykgerig is, behels dit 'n voortdurende interaksie tussen teorie en praktyk aan die eenkant, en aan die anderkant tussen 'n wyduiteenlopende aantal vakdissiplines wat met die beplanning van boedels verband hou.

Boedelbeplanning is nie primêr gerig op belastingbesparing nie. Dit mag trouens nooit net daarom gaan nie. Die voor die hand liggende rede daarvoor is dat belastingwetgewing oornag met 'n pennestreek van die wetgewer verander kan word. Die grondliggende rede is egter dat met oormatige klem op belastingbesparing die wye veld van die wetenskap en profesie van boedelbeplanning verskraal word tot 'n reeks truuks en akrobatiese toertjies. Alhoewel die beskerming van 'n boedel teen die erosie van onnodige belasting sekerlik 'n integrale en wettige deel van die beplanning van 'n boedel uitmaak, bly dit van sekondêre belang in die breër opset van die opbou, benutting en verdeling van 'n boedel. Daar moet daarteen gewaak word om die sukses van 'n boedelplan te beoordeel slegs aan die hand van die belastingbesparing(s) wat dit meebring. In die praktyk gebeur dit ongelukkig dikwels dat (soms selfs twyfelagtige) pogings om belasting(s) te bespaar onder die dekmantel van boedelbeplanning plaasvind. Nie alleen doen dit afbreuk aan die wetenskap van boedelbeplanning as 'n alles

omvattende aksie nie, maar tas dit ook die geloofwaardigheid aan van hierdie baie belangrike vakwetenskap.

Soos reeds aangetoon sluit Boedelbeplanning 'n wye reeks van uiteenlopende vakdissiplines in wat tog op een of ander wyse 'n bydrae daartoe lewer. Benewens verskeie vakgebiede van die regs wetenskap behels dit ook vakke soos rekeningkunde, sielkunde (mensekennis), ekonomie, finansies en beleggingstrategie. Dit is belangrik om weereens te beklemtoon dat Boedelbeplanning nie net gaan oor boedelbelastingbeplanning nie, dit gaan ook nie net oor versekeringsbeplanning nie en beslis nie net oor die opstel van 'n testament nie. Alhoewel hierdie wetenskap al die genoemde aspekte kan insluit, gaan dit veel verder en dieper as net dit.

Ten einde boedelbeplanning behoorlik as 'n professie te beoefen, moet dit wetenskaplik verantwoord wees en nie maar net lukraak en ongeorden nie. Die proses van die beplanning van 'n boedel moet 'n logiese volgorde hê vanaf die eerste onderhoud met die boedeleienaar tot by die finale implementering daarvan. Dit is belangrik om daarop te let dat die proses in wese nooit te vroeg kan begin nie, maar dikwels te laat.

Die proses neem normaalweg 'n aanvang deur die insameling van inligting omtrent die boedeleienaar se persoonlike omgewing, sy familie en boedel, sy psigologiese en sosiale omgewings (wat insluit kulturele, politieke, godsdienstige, regs- en ekonomiese/finansiële inligting). Reeds op hierdie stadium behoort 'n besluit geneem te kan word van hoe omvattend die boedelbeplanning sal moet wees. Afhangende onder andere van ekonomiese realiteite mag dit doodeenvoudig op hierdie stadium blyk dat byvoorbeeld 'n Huweliksvoorwaardeskontrak of testament voldoende is en dat 'n meer volledige boedelbeplanning eers op 'n latere stadium wenslik sal wees. Die insameling van die vereiste inligting geskied normaalweg aan die hand van een of ander vraelys – hetsy mondelings of skriftelik.

Na insameling van die inligting moet bepaal word **wat** die boedeleienaar met sy

bates en laste wil doen, nie net *inter vivos* nie, maar ook *mortis causa* (dit impliseer uit die aard van die saak ook 'n vasstelling van die bates en laste situasie van die boedeleienaar). Hier gaan dit oor die stel van doelwitte. Dit behels aspekte soos versorging van die eggenoot(e) en ander afhanklikes, voorsiening van inkomste op beide kort- en langtermyn, die vermyding van onaangenaamheid en twis tussen familieledes, die vergemakliking van kontinuïteit in byvoorbeeld plaasboerdery, sake-ondernemings en beleggings, regverdige verdeling van bates, beveiliging van bates (waaronder ook resorteer besparings ten opsigte van BTW, Inkomstebelasting, Kapitaalwinstbelasting, Boedelbelasting ens).

Uit die omskrywing van boedelbeplanning wat hierbo bespreek is, volg dit dat boedelbeplanning egter so uitgevoer moet word dat die boedeleienaar gedurende sy leeftyd ook nog sy bates kan geniet en benut. Dit kan gebeur dat beplanners so op loop gaan met hul eie idees en tegnieke dat hulle hierdie aspek maklik uit die oog verloor. Hierteen moet gewaak word.

Die “wat”-vraag behoort, soos reeds gemeld, uit te loop op die stel van 'n reeks doelwitte vir die boedeleienaar. Daarna moet aandag gegee word aan **hoe** die doelwitte bereik moet word (met ander woorde welke beplanningsinstrumente gebruik gaan of kan word (met instrumente word bedoel aspekte soos huweliksvoorwaardeskontrakte, trusts, skenkings, lenings, opgeskorte verkope en opsies, maatskappye, beslote korporasies, vennootskappe, vruggebruike en ander beperkte regte, versekeringsprodukte, koop- en verkoopoooreenkomste testamente en nog vele meer). Dit moet altyd in gedagte gehou word dat enige boedelplan alleenlik effektief kan wees indien dit wetlik afdwingbaar is. Juis om hierdie rede is dit vir die boedelbeplanner so belangrik om op hoogte te wees met alle vakdissiplines, wetgewing en regspraak soos reeds hierbo na verwys.

Verder moet besluit word oor **wanneer** welke gedeelte van die beplanning in werking gestel moet word. (Byvoorbeeld tydens huweliksluiting - die keuse van die huweliksbedeling, of *inter vivos* deur middel van 'n trust, versekeringsprodukte ens., of na dood deur middel van testamentêre beskikkings wat ook beperkte regte kan

insluit.) Daar moet ook besluit word oor **wie** van die beplanningspan welke aksies moet uitvoer. (Byvoorbeeld die prokureur wat die kontrakte moet opstel, die ouditeur/rekenmeester wat die te boekstaving moet doen, die makelaar wat moet kyk na versekering...)

Reeds uit die bogaande kan afgelei word dat boedelbeplanning nooit slegs 'n eenmalige handeling of gebeurtenis kan of behoort te wees nie. Die proses is aaneenlopend en begin verkieslik reeds by geboorte en duur selfs voort tot na dood.

Vir 'n boedelplan om suksesvol geïmplementeer te word, moet dit koste effektief wees. 'n Boedeleienaar sal gedurig die koste van die plan opweeg teen die voordele daarvan. Koste is dikwels een van die redes waarom 'n boedelplan nie in werking gestel word nie. Ander redes is waarskynlik die feit dat die beplanner so besig is om te beplan dat hy nie na die boedeleienaar se besondere behoeftes luister en daarop ag slaan nie of dat die plan slegs 'n fragmentariese boedelplan is (waar byvoorbeeld net aan versekering of belasting of oordrag van sekere bates aandag gegee word). Vrees vir die dood wat algemeen geassosieer word met boedelbeplanning en dus 'n natuurlike weersin in sodanige proses veroorsaak, moet ook nooit uit die oog verloor word nie.

Die uitvoerbaarheid en konsekwensies van aanbevelings en die elasticiteit daarvan om by enige onvoorsiene toekomstige veranderde omstandighede aan te pas, is verder wesenlike vereistes vir 'n goeie boedelplan.